

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
eviljoen7@absamail.co.za
Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@hantam.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

INHOUDS OPGAWE

Gebed vir kerk van Christus

...1

Maaltyd in die nag

...3

Musiek en erediens

...4

Die regverdiges sal bestaan

...8

Jy wat Ek gegryp het

...9

Saam met al die heiliges

...10

Gebed vir kerk van Christus

ALA Buys

Sinodokrasie, waar sinodes wederregtelik die plaaslike kerke oorheers, is 'n ewel. Dit is die winspunt van die Dordtse kerkorde om juis te verhoed dat een kerk oor 'n ander heerskappy voer. Te dikwels egter vergeet lidmate, selfs die wat erg teen sinodokrasie is, dat God se regering deur sy Woord en Gees ook met sinodes en ons gebede te doen het. Ons bely dat Jesus Christus die direkte Hoof van die kerk is (Ef. 1:20 e.v.). Dit beteken dat waar kerke saam vergader in meerdere vergaderings, Christus as Hoof ook die voorsitter is. Hy regeer die kerk as Woord van God deur die Heilige Gees. Ons bely verder ook dat ons mede erfgename saam met Christus is en dat ons deel het aan sy regering van die kerk en die wereld. Hierdie regering van die kerk geskied veral deur gebede.

Maar is ons nog 'n biddende kerk? Is gebed ons vernaamste kenmerk? Dit sou as 'n vreemde vraag voorkom as mens verwys na al die erediensgebede wat wel gebid word. Maar die vraag kon ook anders verstaan word: is ons nog 'n biddende kerk wat verstaan dat ons ingelyf is in Christus (H.K. sondag 7) - en dit sluit Christus se regering van sinodevergaderings in?

Hoeveel lidmate is daar wat bid vir kerklike vergaderings, selfs kerkraadsvergaderings, omdat hulle glo Jesus is die Here? Daar is baie wat ongelukkig is oor besluite wat val op kerklike vergaderings, daar word maklik vingers gewys en beskuldigings uitgedeel. Maar wie se skuld is verkeerde besluite? Net die afgevaardigdes wat dit geneem het? Of ook die wat hulle koninklike regeeramp versaaak het deur te swyg in hulle gebede.

Regering deur gebede

Christus se regering van sy kerk loop deur die gebede van sy volk. Dit is die plig van elke lidmaat om hierdie dienswerk aan Christus ernstig op te neem. Die gebed van die gelowige het groot krag, en dus maak die gebrek aan gebede (oor kerklike vergaderings) die kerk kragteloos.

Wanneer ons glo dat ons regtig deel het aan Christus, deel het aan sy gesag wat Hy uitvoer oor die kerk, dan kan ons nie anders as om te bid wat Hy ons in die mond lê nie. Of glo ons nie die Here luister na gebede en beïnvloed met sy Gees besluite wat geneem word nie? Waarom sal die eerste sinode in die Christelike kerk dan sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit ..." (Hand 15:28)?

Christus regeer sy kerk. Maar Hy reageer ook op die gebede wat die Gees opwek in die harte van sy mense om te bid oor die welstand van sy kerk. Dit is tog die dierbaarste werk, die kosbaarste diens, die grootste liefde vir die kerk, as God se eiendom, om vir die kerk te bid - ook in sy gesamentlike samekoms.

As ons gebedslewe weer dinamies word, deur te glo ons het deel aan Christus in die kerk, sal ons kerke ook verander. Ons sal die kerk anders bid. Hoeveel lidmate bid nog byvoorbeeld vir ware eenheid in die kerk - ook met die ware gelowiges in ander kerkverbande? Of het daardie gebed lankal gesnuwel onder die 'realistiese' siening dat ons nou eenmaal verskil en dat dit so sal bly? In 'n groot mate het die sondeval en die verskeurdheid wat dit bring, al ons gebedslewe oor hierdie aangeleentheid lamgê. Wil ons nog regtig die kerkregering van Christus biddend bely? En wil ons werklik die eenheid van sy liggaam sien, en bid en werk daartoe?

Gebedslui

Die Reformasie het baie goeie dinge daargestel. Maar die latere kinders van die Reformasie het gebedslui geraak. Dit het ons laat verval in 'n toestand van tevredenheid met verdeeldheid. Dit mag nie, veral nie nou in Suid-Afrika nie, waar die kerk staan onder een van die grootste golwe wat hom wil verswelg, naamlik die kommunistiese sosialisme aan die een kant en die menseregte-ideologie aan die ander kant.

Wat bid ons vir ons kerkraad, vir die klassis, vir die partikuliere sinode, vir die teologiese skool? Ons moet besef dat ons 'n groot plig het om met ons gebede by God ywerig te pleit dat sy regering oor die kerk erken sal word, dat alle sondige menslike insigte die wyk neem, en dat Hy die kerk teen die aanslae van die satan en sy demone sal staande hou.

Hoe anders sal ons met ons gewete kan saamleef. Om te sê, "ons het dinge raakgesien wat goed en reg is" en God nie genoeg dank daarvoor nie, is lewensgevaarlik. Om te sê, "ons het ook die vervalde tempelmure gesien wat opgebou moet word", maar ons het net gekla en steeds 'n gebedsverduistering gehandhaaf?

Dit is nie 'n aanval van buite om te sê: "Ons bid nie genoeg en reg nie". Dit is die melaatse hand in eie boesem. As ons saam met Christus gesterf het en saam met Hom opgestaan het en die dinge bedink daarbo waar Christus is, dan moet die gebedslewe oor die sinodes ook weer vlam vat. Is dit nie hier waar die kerklike onbetrokkenheid begin nie - 'n onbetrokkenheid by wat *Christus* in sy kerk doen.

Ons moet biddend betrek wees by wat Christus doen. As Hy dalk besluit het om die kerke skoon te skroei onder allerlei ellendes en swaarkry - raak dit ons? As Christus se oordeel by die huis van God gaan begin (1 Petr. 4:17) - is ons uitgesluit? Kan ons ons die 'luuksheid' van halwe en ongereelde gebede veroorloof? Wat bid mens vir God as Hy besluit om sy kerk te straf en te dissiplineer oor wanpraktyke wat toegelaat word? Kom ons binneste in beroering soos Habakuk s'n as ons sien dat God inderdaad 'n heilige God is wat woon onder 'n onrein volk? (Hab. 3:16)

Die kerk sal nie bly voortbestaan aan die Suidpunt van Afrika as ons God nie daarvoor smee nie. Eeue terug is die kerk in die Noorde van Afrika verdring. Wat verhoed God om dit nie hier by ons te laat gebeur nie? Het ons opgestapelde gebede om na God te bring in 'n smeking dat Hy oor ons barmhartig sal wees? Wat kan ons God regtig bring dat Hy ons hier moet laat voortbestaan - behalwe Christus se Naam op ons lippe?

Hoeveel lidmate is daar wat bid vir kerklike vergaderings, selfs kerkraadsvergaderings, omdat hulle glo Jesus is die Here?

Kus die Seun

As die kerk nie wakker word nie - oor hierdie gebedsluiheid - hoor ons die mure al kraak. 'n Swygende kerk is 'n sterwende kerk. Gebedsluiheid is om God se regering te minag. 'n Biddende kerk is 'n bloeiende kerk. Christus se koninklike hand moet deur die kerklike gebede gesoen word (Ps. 2:12).

Bid is harde werk. Daar is nie tyd om te sê: Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie bid, nog 'n bietjie hande vou om uit te rus nie.

Die Heilige Gees kom ons swakhede te hulp - ook by ons gebrek om oor Christus se Geestelike handeling in die kerk te bid. As ons in die Heilige Gees bid, dan bid Christus in ons. Hy gee ons die woorde. Hy reinig dit en Hy regeer ook daarvolgens. Die gebed van die regverdige het groot krag. Dit staan vas. Maar sal Christus biddende regverdige in Suid-Afrika vind wat wil lewe onder sy regering in sy kerk?

**It's a good thing God chose me before I was born,
because He surely would not have afterwards**

- CH Spurgeon

Maaltyd in die nag

C Saayman

Jesus het die Nagmaal ingestel tydens die jaarlikse Paas(pasga)maaltyd, op die vooraand van Sy kruisiging. Die Ou Testamentiese Pasga was 'n offer sowel as 'n maaltyd. Christus het egter met Sy offer die Pasga-offer vervul. Daarom is die Nagmaal slégs 'n maaltyd. Die Rooms-Katolieke Kerk het dit egter gaan omkeer om weer 'n offer te word. Daarom staan die Roomse priester by 'n altaar en nie 'n tafel nie. Tydens die Roomse eucharistie/mis word Christus se offer telkens opnuut gerealiseer. "As a sacrifice, the Eucharist is a reparation (making amends) for the sins of the living and the dead." (*The Catholic Faith Handbook for youth, p.177*). Christus word geoffer en die brood verander in Sy letterlike liggaam. Rome aanbid letterlik vir Christus in die gedaante van die brood! Hulle verloën dus die feit dat die verlossing *eenmaal* finaal geskied het (Hebr. 10: 11,14).

Gereformeerdes glo *nie* dat die brood en wyn *verander* word in die werklike liggaam van Christus nie (Rome), ook nie dat Christus liggaamlik teenwoordig is alhoewel die brood níé verander nie (Luther), ook nie dat die nagmaal net 'n simboliese herinnering is aan Christus se dood nie (Zwingli). Ons glo dat Christus werklik in die Nagmaal teenwoordig is deur Sy Gees en dat Hy die gelowiges laat deel kry aan Homself (Sy liggaam) deur die geloof. (Gereformeerd).

Die bedoeling van hierdie maaltyd is presies dit wat 'n gewone maaltyd doen: dit voed en onderhou die lewe wat daar reeds is.

Wat bedoel Jesus dan wanneer Hy sê: "Dit (die brood) is My liggaam" (Mat. 26:26)? Die brood het tog geen wesensverandering ondergaan nie. Jesus was immers op daardie oomblik nog liggaamlik teenwoordig. 'n Mens kan dit vergelyk met wanneer jy 'n landkaart oopmaak en met jou vinger op 'n sekere kolletjie druk en sê: "Dit is Kaapstad." Die kolletjie word nie die werklike Kaapstad nie, maar dui met sekerheid aan dat Kaapstad presies dáár geleë is soos die kaart aandui. Op só 'n wyse verbind Christus Homself aan die brood en wyn, dat die tekens vir die gelowige met *sekerheid* aandui dat die verlossing volbring is.

Die bedoeling van hierdie maaltyd is presies dit wat 'n gewone maaltyd doen: dit voed en onderhou die lewe wat daar reeds is. Dit is iets wat dus herhaal moet word. Net soos gewone gereelde eet-en-drink die fisiese lewe voed en onderhou, só ook die Nagmaal die geloofslewe. Die Nagmaal skép nie die geloof nie, maar onderhou die geloof wat reeds bestaan deur dit te voed met hemelse Brood – dit is Christus sélf! Híerdie Brood eet die gelowige met 'n geestelike "mond", dit is die geloof. Geloof is nie iets geheimsinnigs nie. Geloof beteken om God op Sy Woord te neem. In hierdie geval: Om God se Woord te glo wat Hy deur die brood en wyn spreek. En wát spreek Hy deur dié tekens? Hy *verseker* jou dat jý deur Jesus se liggaam en bloed bevry en verlos *is* – en dat jy dit mag glo en gaan vrug dra. Vrug wat by die bekering pas.

Mag kinders nagmaal gebruik? In beginsel is daar geen beswaar teen die kindernagmaal in die Bybel nie – mits dit gelowige kinders is wat verstaan dat hulle met die liggaam van Jesus verenig is – díé liggaam wat Hy tans steeds in die hemel het. Die vraag is of kinders dít werklik verstaan sonder goeie onderrig? Die praktyk besorg ons 3 probleme. Eerstens: Op watter ouderdom mag kinders toegelaat word? Tweedens: Die toesig oor die gebruik van die sakramente berus by die kerkraad. Die kinders of hulle ouers mag dus nie willekeurig self besluit nie. Derdens: Kinders moet eers onderrig wees om die betekenis van die Nagmaal te verstaan. Vanweë hierdie praktiese probleme het gereformeerdes nog altyd kinders tot die nagmaal toegelaat nadat kategetiese voltooï is.

Die troos wat die gelowige uit die Nagmaal put, werk nie vanselfsprekend nie. Ook die gelowige se gewete kan belas wees en kan gebuk gaan onder sonde en skuldgevoelens. Dit veroorsaak versperrings in die persoon se lewe met die Here. Dan kan die Nagmaal nie tot troos gebruik word nie. Daarom is die selfbeproeving noodsaaklik. Nie om vas te stel óf daar by die Tafel aangesit *mag* word of nie. Om aan te sit is 'n opdrag van die Here. Die gelowige het geen keuse nie. Die selfbeproeving maak nie die gelowige méér "waardig" om te mag aansit nie. In onself is ons altyd ónwaardig! Die doel van selfbeproeving is om seker te maak of ons werklik van die Here se genade alleen lewe of maak ons staat op enige eie meriete om voor Hom waardig te wees. Steun ons op selfgemaakte waardigheid? Is daar bewuste sondes wat ons vertroetel? Selfbeproeving se doel is nie neerslagtigheid en wegbly van die Nagmaal nie, maar juis die gelowige vasklem aan die Here se belofte van vergifnis en bevryding wat op Golgota 'n werklikheid geword het.

Genade is geen erfgoed nie. Niemand word gered omdat sy ouers gelowig was nie, hoe belangrik dit ook al vir die opvoeding is dat hulle gelowig is.

- J Douma

Musiek en erediens

J Smelik

Om te glo én om te loof is onskeibaar. Om God te loof beteken natuurlik ook dat ons die Here *in* en *met* ons hele lewe dien en prys. Dit blyk egter uit die Skrif dat die *gesonge* lofprijsing essensiëel is en *moet* wees in die lewe van elke Christen. Ons kan maar net dink aan die talle oproepe in die Bybel om vir God 'n (nuwe) lied te sing en om vir Hom te sing en te speel. Nadat die Hebreërskrywer onder meer uitvoerig gewys het op die volmaakte offer van die hoëpriester Jesus Christus, wek hy sy lesers op om God voortdurend 'n lofoffer te bring, 'dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely' (Hebr. 13:15). Die lofoffer is die enigste Ou-Testamentiese offer wat in die Nuwe Testament onverminderd gebring moet word.

Om God te loof staan dus los van die vraag of ons wel daarvan hou om te sing.

Om God te loof staan dus los van die vraag of ons wel daarvan hou om te sing. Op ander kere het ons alreeds daarop gewys dat dit 'n tipiese Westerse denkbeeld is dat sing, net soos ander musikale aktiwiteite, deurgaans as 'n oulike stokperdjie beskou word, waarvan jy nou maar toevallig hou. Hierdie opvatting kan 'n verkeerde en negatiewe invloed hê op die mate waarin en die wyse waarop ons die lof aan God benader. Die gevaar is immers nie denkbeeldig dat hierdie opvatting ons daartoe lei om ook die gesonge lofprijsing vir 'n deel na die stokperdjie beoefenaars verwys nie. 'Dominee X laat ons baie sing, maar ek hou nie so baie daarvan nie...'

Die sentrale plek wat die Skrif gee aan die sing van God se lof, maak ook vir ons duidelik hoe verkeerd dit is om te beweer dat "dit ten koste van die Woord gaan as daar te veel in die erediens gesing word", soos wat iemand 'n slag ernstig opgemerk het. Soos die Bybel laat sien, kom God se Woord ook deur middel van die lied onder die volk. In Deuteronomium 13 (vers 19) lees ons dat God Moses nie opdrag gegee het om te preek nie, maar om sy volk 'n lied te leer. Kenlik is dit ook 'n manier wat God wil gebruik om sy Woord te verkondig. En daar is baie Psalms waarin God se daad en heilswerk al singende verkondig, geprys en bely word.

Ek het met opset die terme '*prys, verkondig en bely*' in die vorige sin in een asem genoem. Dit is naamlik die aspekte wat in die gesonge lofprijsing hand aan hand gaan. Om God te loof gaan normaalweg gepaard met die bely van sy Naam en daad. In die Hebreus blyk daardie band baie spesifiek daaruit deurdat die woorde vir 'loof' en 'bely' aan mekaar verwant is. In Jesaja 45:23 staan: '*...dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer.*' Die laaste woorde word in Filippense 2:11 en Romeine 14:11 aangehaal, waarby dit opvallend is dat die woord 'sweer' in baie vertalings vertaal word as onderskeidelik 'bely' en 'loof'. Dit is woorde wat inhoudelik met mekaar verband hou. Loof = sweer (God se naam daarby gebruik) = bely.

Dié wat God loof en sy Naam bely, verkondig terselfdertyd God se daad onder die mense. Dié wat byvoorbeeld sing: '*Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiters in die see gewerp*' (Eks. 15:21), verheerlik God. Maar metterdaad bely en verkondig hy ook die groot daad van God.

Die verkondigende aspek van die lied is een van die redes hoekom die Skrif verskeie kere oproep om liedere te sing en mekaar op daardie manier te leer en tereg te wys (vgl. Ef. 5:19). Deur die lied kom woon die Woord van Christus ryklik in die gemeente (Kol. 3:16).

Loof en Kla

Vir 'n Christen, wie se lewe bepaal word deur die blye boodskap van heil en verlossing, sal musiek in die algemeen en die lied in besonder gestempel wees deur die lofprijsende verkondiging van God se daad. Dit is as het ware die grondtoon. Of soos Maarten Luther in 1545 geskryf het in 'n voorrede van 'n gesangebundel: '*...God het ons hart en gemoed vrolik gemaak deur sy geliefde Seun, wat Hy aan ons gegee het tot verlossing van sonde, dood en duiwel. Dié wat dit ernstig glo, kan dit nie nalaat nie: hy moet vrolik en opgewek, lofprijsend daarvan vertel...*'

Dit alles beteken egter nie dat ons net sing wanneer ons vrolik is nie. Dit blyk al te meer omdat 'musiek' nie per definisie te make het met vreugde en fees nie. Die opmerking wat dikwels gehoor word dat 'ekstra musiekinstrumente die feestelike karakter van die erediens beklemtoon', is streng gesproke natuurlik nie waar nie: wanneer die instrumente treurmusiek sou speel, dan sou hulle selfs 'n demper op die feesvreugde plaas. Dit is dus baie belangriker wat die instrumente speel as dat die instrumente speel.

Hoe meer ek alles oorgee aan die Here,
hoe makliker word die gee van alle ander dinge.

So is dit ook met vokale musiek: ons sing nie net omdat ons bly is nie. Musiek het nie net met vrolikheid te make nie. In alle kulture blyk dat musiek sowel met blydschap as met droefheid geassosieer (kan) word. Dit blyk ook in die Bybel. Daarin kom ons liedere teen waarin die juigende prysing nie die botoon voer nie. Daar word nie *net* gesing wanneer daar blydschap en vreugde oor die heil van God is nie. Musiek klink ook daar waar mense kla, hul skuld bely of God se hulp inroep. 'n Mens sing nie altyd uit volle bors nie. Dié wat die liedere uit die Bybel bestudeer, sal ontdek dat 'loof' en 'kla' beide tot uiting kom in liedere en dikwels baie naby mekaar lê. Alle aspekte wat behoort tot die dien van God, het in die lied van die kerk 'n vanselfsprekende plek.

Saamgevat, die rede hoekom die kerk voortdurend sing, móét en wíl sing, staan in feite weergegee in een van die indrukwekkendste Nederlandse liedere uit die vorige eeu, waarin ons ook die eggo kan hoor van die bekende lofprysingsformule '...sy goedertierenheid is tot in ewigheid':

De aarde is vervuld
van goedertierenheid
van goddelijk geduld
en goddelijk beleid.

Gods goedheid is te groot
Voor het geluk alleen,
zij gaat in alle nood
door heel het leven heen.

(Liedboek gez. 223:1, 2)

Instrumente

Ons het gesien dat musiseer in die Skrif allereers en vernaamlik bestaan het uit sang. Maar op baie plekke in die Bybel word daar vertel dat by die gesonge lofprysing ook musiekinstrumente betrek is. Oor instrumente word in die Skrif in Genesis 4 vir die eerste keer gepraat, waar Jubal as uitvinder van musiekinstrumente aangewys word ('Hy was die vader van almal wat op sifers en fluite speel'). Dit beteken natuurlik nie dat musiek eers vanaf Jubal bestaan het nie.

In die Bybel word daar selde gepraat oor uitsluitlik instrumentale musiek (dus musiek sonder sang). En waar dit wel die geval blyk te wees, is die vraag meestal of daar wel sprake is van suiwer instrumentale musiek en of daar veronderstel moet word dat dit gaan oor instrumentale begeleiding van sang.

Hoe dan ook, in die godsdienstige lewe van die Ou-Testamentiese Israel, was die gebruik van musiekinstrumente 'n baie bekende en vanselfsprekende verskynsel. Ook by die loof van die Here. Selfs in die woestyn is instrumente gebruik om God te prys. So is die bekende lied van die profetes Mirjam oor die HERE wat die perd en ruiters van Egipte in die see gewerp het, begelei deur handdromme ('n instrument wat in sommige vertalings weergegee word met 'tamboeryn' en wat destyds spesifiek deur vroue bespeel is).

Alle aspekte wat behoort tot die dien van God, het in die lied van die kerk 'n vanselfsprekende plek.

Soos bekend is, is in die tempel ook musiekinstrumente bespeel. Soms word daar gedink dat alle musiekinstrumente wat in die Ou Testament genoem word, ook in die tempelliturgie gebruik is. Maar dit is nie waar nie. Net so min kan 'n mens 'n beroep doen op Psalm 150 om jou oortuiging te staaf dat jy geen instrumente vir liturgiese gebruik kan uitsluit nie. Psalm 150 gee naamlik nie 'n lys instrumente wat in die tempel gebruik is nie. Van die musiekinstrument, byvoorbeeld wat in vers 4 met 'tamboeryn' (in Hebreeus word dit 'tof' genoem) vertaal word, staan dit vas dat dit nie in die tempel bespeel is nie.

Hierdie gegewe wys dat ons versigtig moet wees om op grond van Ou-Testamentiese gegewens te beweer dat in ons huidige kultuur alle musiekinstrumente in die liturgie gebruik sou kon word. Uit die Ou Testament sou 'n mens eerder argumente kan vind om die teendeel te bewys.

Maar dit is veel belangriker dat die Ou-Testamentiese praktyk met betrekking tot die (liturgiese) gebruik van die musiekinstrumente myns insiens beskrywend en nie voorskrywend is nie. Dit wil sê dat ons wel ingelig moet wees watter musiekinstrumente in die tempeldiens bespeel is, maar dat ons nie daaruit moet aflei dat ons daarom dus instrumente móét gebruik en dat dit hooguit die instrumente mag wees wat in die Ou Testament genoem word nie. Die skrifgegewens oor musiekinstrumente en hul gebruik sou ons dan ten onregte voorskrywend gebruik.

“Delight yourself in the Lord” is a radical call to pursue your fullest satisfaction in all that God promises to be for you in Jesus

- J Piper

Die Skrif het na my oordeel nêrens die bedoeling om voor te skryf of musiekinstrumente (en indien wel: watter instrumente) in die samekomste van God en sy gemeente gebruik moet/mag word nie. Die gebruik van instrumente in die erediens is nie 'n opdrag óf 'n gebod nie, maar 'n moontlikheid waarvan die Skrif voorbeelde gee in die Ou Testament en ook in die Bybelboek Openbaring.

Volgens my bied 'n beroep op kerkmusikale gegewens uit die Bybel in elk geval geen verligting wanneer dit gaan om normatiewe antwoorde op konkrete kerkmusikale praktykvraagstukke van ons tyd nie.

Die vanselfsprekendheid waarmee instrumente vandag in die eredienste gebruik word, kan in die lyn van die kerkgeskiedenis besonders genoem word. In die reël het die Christelike kerk haarself verset teen die (liturgiese) gebruik van musiekinstrumente. Die redes en argumente moet ons ongelukkig vanweë gebrek aan ruimte grotendeels onbespreek laat. Ek wil egter volstaan met die volgende.

Laat ek eerstens stel dat die vraagstuk óf 'n mens in die liturgie ook musiekinstrumente mog gebruik, in die vroeë Christelike kerk waarskynlik nie aan die orde was nie. Hulle het geen kerkmusikale praktyk geken waarby die gebruik van instrumente (ter begeleiding van sang) moontlik en sinvol was nie.

... is die doel van alle kerkmusikale reëlins in die Ou Testament om sowel die kwantiteit as die kwaliteit van die lofsang te waarborg.

Kerkvaders uit die eerste eeue was gekant teen die bespeel van musiekinstrumente in die algemeen omdat instrumente in hulle tyd hoofsaaklik gebruik is by afgodsdienste en by aktiwiteite wat uit seksueelmorele oogpunt ontoelaatbaar was. Hulle uitsprake het nie spesifiek gestaan in die lig van die vraag of jy in die kerklike samekomste musiekinstrumente mog bespeel nie. As jy in die eerste eeue orrelis was, dan sou jy dáárom nie gedoop kon word nie; wat nog te sê dat jy met jou instrument 'n samekoms sou mog/kon opluister.

Natuurlik het die kerkvaders die probleem gehad dat daar in die Ou Testament wel sprake is van die gebruik

van musiekinstrumente, selfs in die tempelliturgie. Hulle het hierdie probleem aanvanklik opgelos deur te stel dat musiekinstrumente nodig was vanweë die religieuse onvolwassenheid van die volk Israel. Calvin, die reformator wat homself graag nadruklik beroep het op die 'Ou Kerk', het in navolging van hierdie kerkvaders hierdie argument in die sestiende eeu opnuut gebruik om musiekinstrumente uit die erediens te weer.

'n Ietwat latere ontwikkeling (ongeveer derde/vierde eeu) was om die musiekinstrumente uit die Ou Testament allegories uit te lê. Die instrumente is dus beskou as metafore, as beeldspraak. 'n Mens kon die Ou-Testamentiese gegewens dus nie gebruik om daadwerklike liturgiese gebruik van musiekinstrumente te bepleit nie.

Daar is nog 'n ander argument gebruik om die Ou-Testamentiese kerkmusiek in die algemeen, en die gebruik van musiekinstrumente in die besonder, as gedane sake te beskou. Die kerkmusikale bepalings en ook die musiekinstrumente sou behoort tot die 'skaduagtige erediens'. Met die koms van Christus het die skaduwees verdwyn en sou musiekinstrumente in die erediens oorbodig wees. Dit is egter die vraag of ons die Ou-Testamentiese kerkmusiek (o.a. die musiekinstrumente) tot die skaduwees mag reken. Dan sou 'n mens naamlik moet kan bewys in watter opsig die kerkmusiek na Christus heen gewys het. By die Ou-Testamentiese offers is dit duidelik. Maar ten aansien van byvoorbeeld musiekinstrumente kan die teenoorgestelde gestel word. Want in die Bybelboek Openbaring word musiekinstrumente genoem in die beskrywing van die hemelse erediens. Blykbaar was die gebruik van instrumente nie 'n spesifieke Ou-Testamentiese praktyk nie.

Gebod van Dawid

'n Belangrike Bybelse gegewe betreffende musiek in die erediens, vind ons in die Ou Testament waar daar op verskeie plekke gepraat word oor 'die gebod van Dawid' (1 Kron. 23:5, 2 Kron. 8:12-14, 23:18, 29:25, 35:15, Esra 3:10, Neh. 12:24, 36). Hierdie gebod het 'n hoë status, soos blyk uit die feit dat dit in 2 Kronieke 23 in een asem genoem word met die 'wet van Moses': *'Verder het Jójada wagte aangestel in die huis van die HERE onder leiding van die Levitiese priesters wat Dawid ingedeel het vir die huis van die HERE om die brandoffers van die HERE te bring, soos geskrywe is in die wet van Moses, met blydskap en gesang volgens die instelling van Dawid.'*

Secretly to hold on to our sins, is to perish in them

– J Calvin

Die goddelike herkoms van die gebod van Dawid blyk ondubbelsinnig uit 2 Kronieke 29, waar ons lees dat koning Hiskia Leviëte by die huis van die Here opgestel het: *‘En hy het die Leviëte opgestel by die huis van die HERE met simbale, met harpe en sifers volgens die gebod van Dawid en van Gad, die siener van die koning, en van die profet Natan; want die HERE het dit so beveel deur die diens van sy profete’* (2 Kron. 29:25).

‘n Voor die hand liggende vraag is hoekom die gebod gegee is. Myns insiens is die doel van alle kerkmusikale reëlins in die Ou Testament om sowel die kwantiteit as die kwaliteit van die lofsang te waarborg. Bewaking van ‘kwantiteit’ in die sin dat die voortgang van die lofsang gereël en verseker is vir die hede én die toekoms. Dat Dawid se gebod gegee is om die lofsang gaande te hou, blyk uit die feit dat in latere tye uit die Ou Testament die kerkmusiekpraktyk meermale herstel is met ’n beroep op die opdrag wat Dawid in God se naam uitgevaardig het. Ons lees hiervan byvoorbeeld in hoofstuk 12 uit Nehemia. Daar staan dat die Leviëte *‘die ordening van hulle God en die reinigingsordening onderhou; ook die sangers en die poortwagters volgens die bevel van Dawid en sy seun Salomo. Want in die dae van Dawid en Asaf, van die voortyd af, lê die oorsprong van die sangers en leiers van die lofsang en die danksegging aan God’* (Neh. 12: 45,46).

Verder beoog die gebod van Dawid die bewaking van die kwaliteit. Wanneer ’n kwaliteitseis geen onderdeel van die gebod sou vorm nie, sou elemente soos ‘sorgvuldigheid’ en ‘onderwys’ wat nou saamhang met die gebod, immers volledig in ’n lugleegte hang. Ook die spesifieke vermeldings dat sangers en speelliedere *‘onderwys is’, ‘volleerd’* en *‘bekwaam’* was, kan net beteken dat die gebod sorg wil dra vir ’n goeie peil. Dit wys daarop hoeveel waarde daar geheg is aan vakmanskap / ambag en dus aan kwaliteit.

Met dit alles word daar nie beweer dat die voortgang van die lofprysing en die kwaliteit daarvan geen aandag gehad of afwesig was vóórdat die gebod van Dawid gegee is nie. Die een hoef immers nie die ander een uit te sluit nie. Ter vergelyking: uit die feit dat God ‘eers’ op die berg Sinai die Tien Gebooie gegee het, lei ons ook nie af dat die mense tot op daardie tyd wel mog lieg, steel en bedrieg nie. Die gebod van Dawid lê vas dit wat vanselfsprekend pas in en by die diens aan God.

Daarmee raak ons aan ’n kernpunt: ***net soos alle ander voorskrifte oor die inrigting van die liturgie, het die bepaling met betrekking tot die kerkmusiek tot doel om in die erediens aan God reg te laat geskied as Skepper en Herskepper, om God te loof op ‘n manier wat pas by Wie Hy is en wat Hy doen.***

Die gebruik van kosbare materiale vir die tabernakel en tempel, die sorgvuldige omgang met God se goeie skeppingsgawes het in die Ou Testament gedien om die heiligheid en volmaaktheid van God die Skepper tot uiting te bring en te onderstreep. Dit is ’n belangrike feit dat God in die samekomste met sy volk nie net geëer wil word as Verlosser nie, maar ook as Skepper. Die hegte verhouding tussen die Sabbat en die skepping blyk op die eerste bladsy van die Bybel: *‘En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak’* (Gen. 2:3).

Dit is dus baie belangriker wat die instrumente speel, as dat die instrumente speel !

Vanuit hierdie gegewens is dit ook vanselfsprekend dat ‘n mens in die diens aan God, en dus ook in die gesonge en gespeelde lofprysing, sy skeppingsgawes so optimaal moontlik aanwend. Dit gaan immers om die lof van die Skepper, Hy het juis die gawes gegee om Hom daarmee te dien op ‘n manier wat reg doen aan (pas by) Hom en by die grootheid en volmaaktheid van sy werke.

Hier lê ook die blywende betekenis van die gebod van Dawid vir die Christelike kerk. Die gebod leer ons om te dink vanuit die vraag wat God toekom, wat Hy wil en wat by Hom

pas. Dit is dus ‘n ander invalshoek as wat in ons tyd baie keer hoogty vier, naamlik dat ons ons eensydig laat lei deur die vraag hoe mense bereik en gestig kan word. ☩

Eternity to the godly is a day that has no sunset;
eternity to the wicked is a night that has no sunrise

– T Watson

Die regverdiges sal bestaan...

P Nel

“Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan” (Ps. 1:5-6)

Die "vergadering van die regverdiges", so praat die Bybel van God se volk en so mag ons van onself praat! Nogal 'n aangrypende gedagte! Ons mag van onself praat as "vergadering van die regverdiges" al ken ons ons eie sondige gedagtes maar te goed! Ja, ons is deel van Christus se vergadering en van sy vergaderende werk! Ons is dit as gemeente, waar ons in eredienste byeenkom, maar ons is dit ook in kerkverband. Ons is dit ook op 'n meerdere kerklike vergadering. Die hele feit van kerk wees, in al haar aktiwiteite, voldoen aan die beskrywing van Psalm 1. Ons is deel van die vergadering van die regverdiges.

Maar daar is ook nog ander aangename titels vir Christus se vergadering. Dit is die hele Psalm vol. Vers 1 noem ons al "*baie gelukkige mense*". Ons is gelukkig omdat ons *nie* deel is van ander vergaderings nie. Dit is nou daardie vergaderings waar God nié die middelpunt is nie. Hierdie vergaderings se wortels is in gif. Hulle is sterwendes sonder Christus. Maar ons mag volgens vers 3 dink aan onself as 'n pragtige donkergroen vrugteboom met heerlike vrugte. Dit is nie al nie. Ons is ook met sukses bekroon! Ja, hierdie met eer belaaide vergadering waarvan ek en jy deel is mag weet dat alles wat ons aanpak *voorspoedig* sal wees en dat wat ons aanpak sal klaarkom! So sê die Psalm. Alles wat die regverdige doen voer hy voorspoedig uit. Ons sal sukses hê!

Waarom mag ons onself sulke lofwaardige sitplekke toeëien en aan die ander kant weet van leë sitplekke?

Die glorieryke taal vertel ons egter ook iets meer. Daar is iets anders wat ons van die vergadering moet weet. Ja, ons mag volgens vers 5 egter nie net iets indrukwekkend van hierdie vergadering lees nie, maar ook iets *skrikwekkend*! Waarom laat dit ons skrik?

Want daar is mense wat nie in die vergadering gaan bly nie! Daar is mense wat uit hierdie vergadering sal weggaan! Ja, die Psalm sê hulle sal nie "standhou" in die vergadering van die regverdiges nie. Van ons "eie" en geliefde broeders en susters mag ophou vrugte dra, mag dalk uit die vergadering gaan. Dink daaraan. Iemand wat saam ons aan Nagmaalstafel gesit het, iemand wat die kategeese deurloop het. Is dit nie iets om van te sidder nie?!

Hoe werk hierdie vergadering en sy deel wees of nie-deelwees daarvan dan? Waarom mag ons onself sulke lofwaardige sitplekke toeëien en aan die ander kant weet van leë sitplekke? Is dit **omdat** ek die wet van die HERE oordink, soos vers 2 leer? Is ek regverdig omdat ek 'n "behae het in die wet van die HERE". Maak **my behae** in die wet van die HERE, die feit dat **ek weggaan** van die spotters se vergadering, maak dit my dus deel van hierdie vergadering? Andersom kan ons vra: Is dit waarom sekere mense nie sal standhou in hierdie vergadering nie en ander selfs nooit eers deel daarvan geword het nie? Is dit wat ek doen wat bepaal of ek standhou? Is dit die feit dat ek die wet van die HERE oordink wat my sterk waterstroom is?

So wil ons dalk dink as ons die Psalm lees. Ja want ons is almal maar ook geestelike wesens. Godsdien en die soeke na 'n veilige plekkie in die vergadering van die HERE danksy my eie goeie werke sit maar in ons almal se blare! Maar die Skrif gee nie ons wetsonderhouding of selfs die liefde vir die wet as die fundamentele rede waarom ons nie sal weggaan uit die vergadering en waarom ons "regverdige", "groen bome" en "gelukkige" mense is nie. Nee, die pragtige titels is nie die gevolg van mensehande, van iets wat ons doen nie. Dit is gevolg van God se werk in Christus.

Kyk maar na vers 6. Daar gee die Heilige Gees self die rede. Vers 6 begin met "want". Ja, vers 6 is die verklaring van die onderskeid tussen die twee tipes mense, die twee soorte vergaderings wat in vers 1-5 beskryf is. Die regverdige is deel van die vergadering van die regverdige "**WANT die HERE ken die weg van die regverdige**". Hy weet wie syne is. Hier is méér as goeie wetsonderhouding en meer as afsondering van die goddelose. Hier is 'n lewende verhouding met God! Hier is KEN. Dit is die HERE wat ons regverdig, wat ons gelukkig maak.

Ons is nie mense van 'n boek nie, maar mense met 'n boek, die Bybel. Daardie boek het 'n Naam voor in. Dit is die HERE self, sy Gees, wat my waterstroom is! Dit is HY wat ons pad gelyk maak en HY wat sy kinders versamel.

The purpose of prayer is to find God's will,
and to make that will our prayer

– C Marshall

Hoe duidelik sien ons nie hierdie selfde gedagtes by ons HERE Jesus Christus in sy bediening op aarde nie? Hy is die Een wat die versameling versamel. “Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar vir die wat deur hulle woorde in my sal glo” (Joh. 17:20). Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir die wat U my gegee het” (Joh. 17:9). Hy is die Een wat die versameling bewaar. “Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie” (Matt. 16:16). Hy is die Een wat weet wie nie deel daarvan sal bly nie. “Het Ek julle nie self gekies nie en een van julle is 'n duiwel” (Joh. 6:70).

Dit is nie die WET wat ons oordink wat ons veilig in die vergadering van die regverdige bewaar nie. Nee, dit is die HERE van die wet wat ons bewaar. Dit is ontsagwekkend. Dit laat ons met ontsag kyk na ons byeenkoms as kerk op aarde. Ons is maar net deel van hierdie heilige vergadering omdat die HERE ons daarvan deel maak.

Jy wat Ek gegryp het

E Viljoen

“Maar jy, Israel, my kneg...jy, wat Ek gegryp het...jy is my kneg”

Jesaja 41: 1–13

Hou hom vas!

Volgens ons teks is het daar 'n nuwe rolspeler in die lewe van die volk van die Here op die toneel verskyn. Iemand of 'n mag wat kom om groot oorwinnings te behaal. Dit is een wat nasies voor hom platloop met elke tree wat hy gee. Die magtigste koninkryke van daardie tyd is soos stof voor hom wat uit die pad waai of 'n dwarrelende stoppel in 'n warrelwind. Jesaja profeteer van 'n magtige, onstuitbare politieke mag wat alles sal oorheers.

Alles? Tog nie heeltemal nie. Die Here maak daarop aanspraak dat hierdie mag geen bedreiging vir sy volk is nie. Die Here is juis die Een wat hierdie geweldige mag wakker gemaak en aan die gang gesit het. Die onstuitbare politieke mag uit die ooste is 'n instrument in die Here se hand. Die rede waarom hierdie nuwe wêreldmag op die toneel verskyn om die status quo omver te gooi, is Jahwe. Wêreldgebeure is nie daar om buite beheer oor die kinders van die Here te spoel nie.

Alles werk presies uit soos wat die Here dit wil hê. Wie is dus die Een wat in die pot van internasionale politiek roer? Wie is dit wat dit alles gebruik ter wille van sy klein kneg, sy volk? Dit is die Here wat ook vir Abraham van die begin af uit die ooste geroep het. Die Here het Abraham in beweging gekry en dit is Hy wat steeds alles in beweging bring met die oog op sy beloftes wat Hy van die begin af gemaak het.

En dit is Hy wat steeds alles in beweging bring met die oog op sy beloftes wat Hy van die begin begin af gemaak het.

Wat is die hoop van die ongelowiges in sulke tye van politieke onrustigheid en agte wat mekaar te lyf gaan? Wat sien ons in ons Skrifgedeelte? Hulle bemoedig mekaar. Hulle help mekaar. Hulle staan mekaar by om 'n tuisgemaakte god aanmekaar te timmer. Die een sê vir die ander: “Hou vas, jong!!” Die ambagsman en die goudsmid staan mekaar by om 'n nuwe god te maak vir die nuwe omstandighede. Die een slaan die goud mooi plat en die ander soldeer alles mooi aanmekaar vas. Die twee help mekaar om 'n god te maak wat nie sommer sal omval nie – daarom kap hulle hom nog mooi met spykers vas. Dit kan tog erg ontmoedigend wees as jou god onderstebo val – probeer dit dus maar goed vas soldeer en met spykers laat regop bly. 'n Mens kry die prentjie van patetiese pogings van mense om in die lig van veranderende wêreldomstandighede tog te oorleef.

Die Here se aanspraak is dat, by alles wat op die wêreldtoneel verander, Hy onveranderd vasstaan in sy trou en betroubaarheid. In Jesaja 40 het die profeet begin met sy bemoediging dat die Here nie moeg word nie. God is dieselfde – Hy word nie moeg om te wees wie Hy van die begin af was nie. Groot en magtige politieke veranderings bring ons onder die indruk van die standvastigheid van die Here – politieke wêreldmagte se bewegings hoef geen angswekkende nuus te wees nie. Die Here word nie moeg nie. Wanneer Amerika besig is om nuwe presidentskandidate aan te wys, die ANC verbete veg om leierskap in hul eie geledere, China soos 'n ontwakende reus in die wêreld tande wys op politieke en ekonomiese terrein... dan mag ons weet hulle is almal instrumente in die hand van ons Here.

**‘n Opregte gebed vereis boetvaardigheid;
diegene wat hulle harte vir Hom sluit,
vind dat Sy ore vir hulle gesluit is**

- J Calvyn

Hy hou jou vas!

Die gode van die heidene is wankelrig. Hulle moet deur hul ambagsmanne vasgehou word terwyl hulle met spykers vasgekap word om nie 'n verleentheid te wees wanneer hulle omval nie. By die kinders van die Here werk dit presies andersom! Israel is die kneg van die Here deur wie die Here verlossing vir hulle en die wêreld wil bring. Ons God is nie 'n voorwerp wat met mensehande en hulp regop gehou hoef te word nie.

Die Here is die Een wat Israel van die eindes van die aarde “gegryp” het. Hy het hulle met sy hande kom vashou. Ons hoef nie ons God staande te hou in krisissituasies nie. Hy wil juis sy vaste voorneme laat sigbaar word. Daar is net een ding wat Israel in dié omstandighede moet doen... moenie bang wees nie!! Dít is die evangelie in daardie omstandighede. Teenoor die heidene wat in angs en vrees gode staande maak en vashou met hulle hande, mag Israel vreesloos rus in die hand van die Here. Hý hou hulle staande. Hy ondersteun hulle met sy reddende hand. Sy genadehand. Hý versterk hulle... so anders as die ongelowiges wat hul gode met spykers in hul plek versterk.

**Daar is net één ding
wat Israel in dié
omstandighede moet doen ...
moenie bang wees nie!!!**

Hulle wat vir ons soms so onoorwinlik lyk, is voor die Here niks. Hulle sal beskaamd staan en in skande kom. Jesaja veralgemeen hier tot enigiemand wat die kinders van die Here wil teëstaan; hulle sal soos niks word en omkom. Hulle sal sómmerso van die toneel verdwyn asof hulle nooit bestaan het nie. Hoe kan dit? Dit kan, want Ek is die Here jou God... Ek gryp jou hand vas. Ek wat vir jou sê: “Moenie bang wees nie”... Ek help jou...

Klein wurmpie

Die Here vind dit nodig om hulle by herhaling te verseker dat hulle nie bang hoef te wees nie. Hy noem hulle “wurmpie Israel”. Dit is geen verkleinerende naam wat die Here gebruik nie. Hy beledig hulle nie. Hy verwoord maar net hoe hulle na hulself kyk. Selfs al

is dit dat jy heeltemal kragteloos en weerloos is en voel met alle reg, verhinder dit die Here nogtans nie om jou in sy hand vas te hou nie. Dan beteken dit nog steeds nie dat jy bang moet wees nie. Kyk Wie is die Een wat jou Redder en Verlosser is – die Heilige van Israel. Die Een wat op 'n hemelse troon sit, met engele rondom sy troon wat die hele tyd uitroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here God” en hulle gesigte bedek. Die Een wie se kleed se soom die tempel vul. Maar Hy is tegelyk Een wat naby is. Die woord “losser” wat hier gebruik word, is 'n familienaam vir een in jou familiekring, een naby jou wat jou in nood met sy rykdom en mag help. Die losser is een naby aan jou wat al sy rykdom tot jou diens beskikbaar moet stel om jou uit jou nood te help. Met alles wat hy is en het, moet hy jou help as jy skuld het, wanneer jy kinderloos is, wanneer jy onbeskermd is.

Die Here sal Self daarvoor sorg dat hierdie magtelose wurmpie ook self 'n magtige aardverskuiwer raak. Jy sal berge fynmaal en uit jou pad stoot. En jy sal in die Here roem.

Saam met al die heiliges

*Hierdie rubriek het as doel om te luister na heiliges van alle eeue en plekke, gesentreer rondom spesifieke temas. Volgens Efe 3:18-19 is dit juis saam met al die heiliges dat ons kan begryp, groei en vervul kan word tot al die volheid van God. Ons hoop dat die vrae u stimuleer om hierdie dinge verder te oordink en te kom tot 'n groter gehoorsaamheid aan ons Drie-Enige God.
Ons hoor graag wat u van hierdie rubriek dink!*

Barmhartigheid en gemeente

1. Gemeente en Christus

(AN Hendriks, 1992)

“Ek ag dit 'n groot wins dat ons weer leer sien het dat die gemeente van Christus 'n *diakonale* gemeente is. Die hulp aan die naaste is nie, soos vroeër somtyds beweer is, 'n individuele inisiatief nie. Hierdie hulp vloei eenvoudig voort uit die karakter van wie die gemeente is. Sy is immers die volk van Hom wat gekom het om te dien (vgl Matt. 20:28). Aan hierdie diens van haar Heer het die

**We shall rest and we shall see, we shall see
and we shall love, we shall love and we shall pray,
in the end – which is no end - Augustine**

gemeente haar bestaan te danke. En by hierdie dienende Christus hoort nou ook 'n dienende volk... Dit is nie maar net toevallig dat die Heiland juis kort voor sy sterwe sy dissipels op die hart gebind het: “ 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle mekaar ook liefhê” (Joh 13:34).

Deur Sy liefdesdiens tot in die dood word sy dissipels se diens aan mekaar moontlik. Deur Sy Selfoorgawe kan sy gemeente 'n huis van liefde wees.

Tereg is daarop gewys dat die woord “soos” in Christus se opdrag 'n dubbele funksie het. Aan die een kant gee dit die *bron* aan, waaruit die liefdebetoon van die leerlinge opkom. Andersyds stel dit die *norm*, die maatstaf, waaraan hulle liefdesbetoon moet beantwoord. Hulle moet mekaar dienend liefhê volgens die manier van hul Heer”.

- Is die gemeente van Christus vandag *as gemeente* 'n dienende volk in die samelewing? Hoe is dit in u gemeente?
- Maak dit saak of dit 'n organisasie (los van 'n kerk) of 'n gemeente is wat barmhartigheid bewys?
- Hoekom is dit belangrik dat Christus aan ons die bron en die norm wys vir ons liefdesdiens?

2. Gemeente as oefenskool

(AN Hendriks, 1992)

“In 1Tessalonisense 5:15b skryf Paulus: “... maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal”.

JP Versteeg teken hierby aan: Al gaan die liefde tot mekaar (in die gemeente) in orde aan die liefde tot almal vooraf, beteken dit nie dat die liefde tot almal van tweederangse betekenis sou wees in vergelyking tot die liefde tot mekaar nie. Inteendeel, die liefde in die gemeente is juis gerig op die liefde tot almal... In haar liefde sal die gemeente altyd 'n lyn moet trek na die wêreld.

Die lewe van die gelowige is 'n eenheid. Dit kan buite die gemeente nie anders wees as wat dit binne die gemeente is nie. Wat binne die gemeente beoefen en beleef mag word, moet na buite uitgedra word aan almal. 'n Mens sou kon sê dat die liefde tot mekaar in die gemeente 'n *oefenskool* is vir die liefde teenoor almal buite die gemeente. Petrus sê immers in sy tweede brief so: “met aanwending van alle ywer ... deur die godsvrug die broederliefde, en deur die broederliefde die naasteliefde” (2Petr 1:7).

Volgens Petrus lei die een tot die ander. *Deur* die godsvrug kom die broederliefde voort, en *deur* die broederliefde die liefde tot almal!”

- Sou ons dus kon sê: As daar geen liefde tot die mense buite die gemeente is nie, dan is daar ook nie werklik liefde tot mekaar in die gemeente nie?
- Is dit vir u moeilik om u lewe binne en buite die gemeente as eenheid te leef? Waarom en waarin?

Faith is not a leap into the dark, but a step into the light

- Anoniem